# ANNUAL GENERAL MEETING
# CHAIRPERSON'S REPORT

*Afrikaanse verslag volg hieronder*

It is my pleasure and privilege to report on the activities of the OVSRA NPC for the period 1 July 2021 to 30 June 2022. This report is also available on the OVSRA website (https://onrusvermontsra.com/).

The first year of the OVSRA was both challenging and rewarding. As with any new organisation the process of registering a company, finalising the financial agreement with the Municipality, opening bank accounts, defining the roles of Directors, finding suitable office space, appointing a manager, registering for VAT, contracting services such as camera monitoring, vehicle support and patrolling staff and many other arrangements, takes time and effort. The OVSRA NPC is now well-established and I believe that the company is delivering the services that the Onrus and Vermont residents require and pay for.

The initial 3 months were challenging as the first funds were only received from the Municipality at the end of September 2021. Services, such as camera monitoring, continued thanks to sponsorships from the community while funds for expenses such as a deposit on office rental, were advanced by individuals and settled after our income was received from the Municipality.

## Directors

Seven Directors were elected by the Onrus/Vermont community and an additional non-voting Director was co-opted for his expertise of safety and security. During the year, one Director resigned for personal reasons and another resigned as his company was appointed as our accountants. In addition a third Director resigned in accordance with the rotation agreement between ourselves and the Municipality - this director is available for re-election. The Board decided that going forward 6 Board members will suffice and hence two (2) vacancies need to be filled by electing new Directors at this AGM.

The Ward 13 Councillor is an *ex officio* member of the SRA Board. During the course of the year Jean Orban was replaced as the Councillor and Charmaine Resandt as the new Councillor now serves on the OVSRA Board.

My sincere thanks to the Board for the time and effort spent on OVSRA matters during the past year.

## General Manager

Following a process of advertising and interviewing for a suitable General Manager to run the company on a daily basis, Ms Meredith Thornton was appointed on 1 October 2021. Meredith was originally involved in the steering committee for the formation of the SRA and could therefore immediately make a positive contribution to the activities of the SRA. My thanks to Meredith for the excellent work that she has done during the past year.

## Office

We were fortunate to secure office space in the Rheezicht Centre at very reasonable rental terms. Signage will be erected shortly to clearly identify the office location.

## Communication

Regular newsletters were circulated to the residents reflecting on the progress that was made in the area. These newsletters were placed on our website as well as e-mailed to all ratepayers. In addition a large number of meetings were held with individuals and smaller groups on specific matters of concern or merely to get updated on the progress that the OVSRA made during the course of the year. Your Board and General Manager welcomes opportunities to meet with the public to inform them on progress made or to discuss concerns that they may have.

The OVSRA had meetings with the other role players in our area viz Onverwag Neighbourhood Watch, Alfa Afriforum Neighbourhood Watch, Onrus River Homeowners Association and Vermont Ratepayers and Environmental Association with the objective to co-operate without duplicating roles. Various projects were tackled together with these organisations and where possible the costs of the projects were shared.

In future we plan to schedule open information meetings with the public during periods when holiday residents are available eg. December.

## Safety and Security

The main focus of the OVSRA is to make Onrus and Vermont safe and crime free. Whilst we can and are increasing the number of cameras in our area the focus must be on preventing crime rather than recording incidents. Residents must therefore assist by being vigilant e.g. not leaving cars unlocked or garage doors open thereby just inviting a passer-by to commit a crime.

On 1 July 2021 the OVSRA took over 16 cameras from Onverwag. These cameras were monitored at night time only. After a RFQ process the monitoring of these cameras on a 24/7 basis was awarded to Fidelity ADT. This means that we now have our own dedicated monitoring staff and equipment in a control room shared with Hermanus SRA.

In addition we have a shared 24/7 response vehicle based permanently in our area that can immediately react to any incident.

As from 1 April 2022 we have 3 full-time enviro-patrollers that walk and cycle in the area during the day. These patrollers are also being trained to note and report environmental issues (refer environment below).

The camera monitoring staff, the dedicated vehicle, the enviro-patrollers, our General Manager, Onverwag and Alfa Buurtwag are in constant contact with one another with hand-held radios enabling all of them to react to potential or active incidents.

Following our request to individuals to sponsor funds for the purchase of more cameras we have received R 277000 to date. As a result 2 cameras were added at Bosplasie and a number of cameras will soon be erected in the peninsula area and at Rheezicht Centre. All these additional cameras will be monitored at our control room. All new cameras will have battery back-up so that they can continue working even when we have load shedding. In total 6 of the 16 cameras provided by Onverwag must be upgraded whilst all of them require battery back-up power - provision is made in our capital budget to cover these expenses. My thanks to everyone that has been willing to sponsor new cameras in our areas.

The General Manager of OVSRA is actively involved in the Overstrand Public Safety Forum which is a collaboration forum for crime prevention throughout the Overstrand area, and regularly attends JOCOM meetings at Hermanus SAPS.

## Municipality

We have established good working relations with individuals within the Municipality and the ruling political party. On some issues however the response time of the Municipality could improve. The CCTV policy applicable to all the areas in the Overstrand specifying the rules applicable to erect new security cameras on Municipal property, was recently approved by Council. The 3 SRA's viz HPP, KSRA and OVSRA jointly commented on the draft policy document and some of these comments were incorporated in the approved policy. We can now go ahead with the installation of new cameras on municipal owned property.

The problems created by vagrants and informal car guards in the area is receiving priority attention in consultation with the Municipality . The General Manager represents the OVSRA on the Ward Committee.

## Environment

The other focus area of OVSRA is to look after the environment of our area. Close co-operation between the OVSRA and Home Owner Associations resulted in various areas being cleaned from alien plants, and a number of open areas tidied up. The 3 patrollers are educated to identify and report on specific areas that need cleaning, repair or removal (e.g. alien plants), ensuring that dog owners pick up their dog waste etc. When the Municipality cannot attend to specific areas that need cleaning, the SRA and Home Owner Associations get the job done.

In addition to their safety patrols, the enviro-patrollers received training on various environmental topics, cleaned the fenceline along the western border of Vermont, cleaned the coastal area at Brekvisbaai, participated in bioblitzing as part of the City Nature Challenge: Overstrand, and attended various talks at the Welcome Whales Celebration.

## Finances

The OVSRA is a non-profit company. At year end (30 June 2022) the audited financial statements reflected a surplus of R 569736 (the audited financial statements are available on the OVSRA website). This surplus resulted from the following :

In accordance with the Financial Agreement between the Overstrand Municipality and the OVSRA a reserve of 2 months income must be retained by the SRA - R 308550.

The following expenses were not payable for 12 months as the services commenced during the course of the year:

- The Manager was appointed on 1 October 2021 (9 months)
- Camera monitoring on a 24/7 basis commenced in February 2021 (5 months)

- The dedicated patrol vehicle started on 1 November 2021 (8 months)
- Office rent as from 1 August 2021 (11 months)
- Enviro-patrollers started on 1 April 2022 (3 months)

These costs add up to R 528000 which if incurred for 12 months would have reduced the surplus for the past year to R 41000.

My thanks to our accountants CMV and auditors BVSA for their diligent work in the past year.

## The new year

The influx of new residents in our area and the high level of unemployment will inevitably give rise to an increase in crime if we do not act and put measures in place to prevent criminal activity. Thus the need for more “eyes” in the form of cameras that are monitored (even if there is load shedding) as well as visible patrolling and the ability to respond, is of vital importance. Hence our drive to add more cameras at strategic places will continue. Our Network Video Recorder (NVR) can monitor 32 cameras which means that as soon as we have installed the additional cameras we have to upgrade to a 64 channel NVR - budgeted for this year.

The 5-year OVSRA budget approved by the Municipality includes an amount of R 1913010 for the year ending on 30 June 2023. This represents an increase of 3,3% on the past year. The budget for the period 1 July 2023 to 30 June 2024, is circulated with the AGM documentation and is available on the website.

The Capital budget for the year (1 July 2022 to 30 June 2023) is as follows:

| | |
|---|---|
| Upgrading cameras | R 25700 |
| LPR power back up | R 30850 |
| Power backup for 18 existing cameras | R 235278 |
| Network Video Recorder with 64 channels | R 47208 |
| Relay station | R 25000 |
| Office equipment | R 54540 |
| TOTAL | R 418576 |

Additional cameras will be funded with sponsored funds from our community (see Safety and Security above).

## In closing

My sincere thanks to the following:

- The Overstrand Municipality for their support
- The service providers including Fidelity ADT and Whale Coast Computers
- The owners and residents of our area for their support both financially and verbally
- The Board members for their commitment, support, time and contribution during the past year
- Bernard Teuteberg and Vic Barnard for their contribution whilst serving as Board members
- Pieter Botha for his enormous contribution as co-opted member of the Board
- Meredith Thornton for the enthusiasm and commitment with which she manages the

- Meredith Thornton for the enthusiasm and commitment with which she manages the company

Thank you.

Anton du Preez

Chairperson OVSRA NPC

13 September 2022

## ALGEMENE JAARVERGADERING
## VOORSITTER VERSLAG

Dit is my voorreg en aangenaam om verslag te doen oor die aktiwiteite van die OVSAG NWM vir die periode 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2022. Hierdie verslag is ook beskikbaar op die OVSAG webtuiste (https://onrusvermontsra.com/).

Die eerste jaar van die OVSAG was beide uitdagend en suksesvol. Enige nuwe organisasie moet deur die prosesse gaan van registrasie, finansiële aspekte uitklaar, bankrekenings open, die rolle van Direkteure bepaal, kantoorruimte bekom, 'n bestuurder aanstel, registreer vir BTW, dienste soos kamera monitering, patrollering en voertuigondersteuning kontrakteer sowel as 'n magdom van ander take verrig wat tyd en aandag verg. Die OVSAG NWM is nou behoorlik gevestig en ek glo dat die dienste waarvoor die inwoners van Onrus en Vermont betaal en van die OVSAG verwag, wel gelewer word.

Die eerste 3 maande was besonder uitdagend aangesien die eerste fondse eers aan die einde van Setember 2021 van die Munisipaliteit ontvang was. Dienste soos kamera monitering kon voortgaan danksy borgskappe van die publiek, terwyl fondse vir uitgawes soos die deposito op die huur van kantoorruimte voorgeskiet was deur individue wat terugbetaal was nadat die inkomste verkry was van die Munisipaliteit.

### Direkteure

Sewe Direkteure was verkies deur die Onrus en Vermont gemeenskap terwyl 'n addisionele Direkteur (sonder stemreg) ge-koöpteer was vir sy kennis van sekuriteit en veiligheid. Gedurende die jaar het een Direkteur om persoonlike redes bedank en 'n tweede bedank aangesien sy maatskappy aangestel was as rekenmeesters. In ooreenstemming met ons ooreenkoms met die Munisipaliteit moes 'n derde Direkteur bedank, maar hy is weer verkiesbaar. Die Raad het besluit dat 6 Direkteure voortaan voldoende sal wees en derhalwe moet twee (2) vakante posisies gevul word tydens die verkiesing by hierde Algemene Jaarvergadering.

Die Raadslid vir Wyk 13 is ‘n *ex officio* lid van die OVSAG. Jean Orban was deur die loop van die jaar as Raadslid vervang deur Charmaine Resandt en sy dien dus tans op die OVSAG Raad.

My opregte dank aan die Direkteure wat soveel tyd en waarde toegevoeg het tot die OVSAG oor die afgelope jaar.

### Algemene Bestuurder

Na afloop van 'n deursigtige proses van advertering en onderhoudvoering, was me Meredith Thornton op 1 Oktober 2021 aangestel as Algemene Bestuurder om die daaglikse aktiwiteite

van die OVSAG te beheer. Meredith was oorspronklik betrokke by die bestuurskomitee vir die daarstel van die SAG en kon derhalwe onmiddellik ‘n positiewe bydrae tot die organisasie se aktiwiteite. Ek bedank graag vir Meredith vir die uitstekende werk wat sy doen.

## Kantoor

Ons was gelukkig om kantoorspasie te bekom in die Rheezicht Sentrum teen baie billike terme. Identifikasieborde sal binnekort opgerig word om die ligging van die kantoor duidelik aan te dui.

## Kommunikasie

Gereelde nuusbriewe was gesirkuleer waarin die vordering wat in die area gemaak is, aangedui was. Hierdie nuusbriewe was per e-pos aan belastingbetalers versprei en op ons webtuiste aangebring. Daar was ook verskeie vergaderings gehou met groter en kleiner groepe sowel as met individue waartydens spesifieke items bespreek was, besware aangespreek was en die vordering wat gemaak was of beplan word, uitgespel was. Die Raad en Algemene Bestuurder verwelkom geleenthede om met die publiek te kommunikeer rakende vordering gemaak of besware wat aangehoor moet word.

Die OVSAG het ook verskeie vergaderings gehou met ander rolspelers in ons gemeenskap nl. Onverwag Buurtwag, Alfa Afriforum Buurtwag, Onrusrivier Huiseienaarsvereniging en Vermont Belastingbetaalers en Omgewingsvereniging met die doel om saam te werk en duplikasie van dienste te voorkom. Verskeie projekte was gesamentlik met van hierdie organisasies aangepak en waar moontlik was die kostes daarvan gedeel.

Ons beplan ook om voortaan informele inligtingvergaderings met die publiek te skeduleer tydens vakansietye wanneer vakansie eienaars beskikbaar is bv. Desember.

## Veiligheid en Sekuriteit

Die hooffokus van die OVSAG is om Onrus en Vermont veilig en misdaadvry te maak. Terwyl ons die aantal kameras in die area vermeerder is die fokus op die voorkoming van misdaad eerder as die aanmeld daarvan. Inwoners moet dus sover moontlik waaksaam wees deur bv hul motors te sluit, nie voorwerpe in die motor los nie, nie motorhuisdeure oop los nie, ens - sodanige aksies is ‘n oop uitnodiging vir potensiële misdaad.

Die OVSAG het op 1 Julie 2021, 16 kameras van Onverwag oorgeneem. Hierdie kameras was slegs snags gemonitor. Na afloop van ‘n VVK proses word hierdie kameras nou op ‘n 24 uur basis deur Fidelity ADT gemonitor. Dus het die OVSAG nou ons eie moniteringspersoneel en toerusting in die beheerkamer wat met Hermanus SAG gedeel word.

OVSAG het ‘n gedeelte voertuig wat voltyds ons area patrolleer en vinnig kan reageer tydens ‘n insident.

Vanaf 1 April 2022 beskik ons oor die dienste van 3 permanente omgewingspatrolleerders wat daagliks per fiets en te voet in die area ontplooi is. Hierdie patrolleerders is ook opgelei om omgewingsbewus te wees (verwys onderstaande omgewing).

Die beheerkamer, moniteringspersoneel, voltydse voertuig, enviro-patrolleerders, Algemene Bestuurder, Onverwag, Alfa Buurtwag is met mekaar in verbinding met handradios sodat onmiddelik gereageer kan word op potensiële of aktiewe misdaad in ons area.

Die OVSAG het versoeke gerig tot individue in die area om fondse beskikbaar te stel vir die aankoop en installering van addisionele kameras. Tot op datum was R277000 reeds ontvang. Fondse is aangewend om 2 kameras op te rig in Bosplasie terwyl 'n aantal kameras binnekort opgerig gaan word in die Onrus Skiereieland area en Rheezicht Sentrum. Al hierdie

addisionele kameras sal in ons beheerkamer gemoniteer word. Alle nuwe kameras sal toegerus wees met battery rugsteun sodat dit steeds sal werk tydens kragonderbrekings. Uit die 16 kameras wat oorgeneem was van Onverwag, moet 6 ou kameras opgegradeer word terwyl al daardie kameras ook battery bystand benodig - voorsiening hiervoor is gemaak in ons kapitaalbegroting. My dank aan elkeen wat bydraes gemaak het of steeds van plan is om 'n bydrae te maak sodat die area baie beter gedek kan word met voldoende werkbare kameras.

Die Algemene Bestuurder is aktief betrokke by die Overstrand Publieke Veiligheid Forum wat ten doel het om ‘n gesamentlike forum te wees vir die voorkoming van misdaad in die groter Overstrand gebied, en woon gereeldt JOCOM-vegaderings by Hermanus SAPD.

## Munisipaliteit

Daar bestaan gesonde werksverhoudings tussen die OVSAG, individuele personeel van die Overstrand Munisipaliteit en die regerende politieke party. Soms ondervind ons dat die reaksietyd van die Munisipaliteit kan verbeter. Die Munisipaliteit het onlangs die beleid goedgekeur waaraan alle kameras wat op munisipale eiendom opgerig word voortaan moet voldoen (CCTV POLICY). Die 3 SAG’s tewete HPP, KSAG en OVSAG het gesamentlik kommentaar gelewer op die konsep beleidsdokument en sommige van hierdie kommentare is ingesluit in die goedgekeurde beleidsdokument. Daar kan nou voortgegaan word met die oprigting van kameras op munisipale eiendom.

Die probleme wat ondervind word met informele motorwagte en loslopers/bergies geniet ook aandag in samewerking met die Munisipaliteit.

Die Algemene Bestuurder verteenwoordig die OVSAG op die Wykskomitee.

## Omgewing

Die ander fokusarea van die OVSAG is om die omgewing waarin ons woon skoon en netjies te hou ter aanvulling van die werk wat die Munisipaliteit in die verband doen. Samewerking tussen die OVSAG en die Huiseienaarverenigings het reeds gelei tot die verwydering van indringerplante en skoonmaak van openbare areas. Die 3 omgewingspatrolleerders is opgelei om te identifiseer en te rapporteer oor omgewingsaspekte soos areas wat skoongemaak moet word, beboste gebiede wat skoongemaak moet word, seker te maak dat honde-eienaars skoonmaak agter hul honde, ens. Wanneer die munisipaliteit nie aandag kan gee aan skoonmaakwerk nie, kry die OVSAG en Huiseienaarverenigings die werk gedoen.

Benewens hul veiligheidspatrollies, het die omgewingspatrolleerders opleiding oor verskeie omgewingsonderwerpe ontvang, die heininglyn langs die westelike grens van Vermont skoongemaak, die kus skoongemaak by Brekvisbaai, deelgeneem aan bioblitzing as deel van die City Nature Challenge: Overstrand, en verskeie praatjies by die Welcome Whales Celebration bygewoon.

## Finansies

Die OVSAG is 'n Nie-Winsgewende Maatskappy. Die geouditeerde finansiële state vir die jaar eindigend op 30 Junie 2022 toon 'n surplus van R 569736 (die geouditeurde finansiële state is beskikbaar op die OVSAG webwerf). Hierdie surplus is die resultaat van die volgende:

Die finansiële oorenkoms tussen die Overstrand Munisipaliteit en OVSAG spesifiseer dat ‘n 2 maande reserwe teruggehou moet word - R 308550.

Die volgende uitgawes was vir minder as 12 maande aangegaan want die dienste was eers in

die loop van die jaar aangegaan:

- Die Algemene Bestuurder was op 1 Oktober aangestel (9 maande)
- Kamera monitering op 24 uur basis was ingestel in Februarie (5 maande)
- Die patrolleringsvoertuig was ingestel op 1 November (8 maande)
- Kantoorhuur vanaf 1 Augustus (11 maande)
- Omgewingspatrolleerders begin diens doen vanaf 1 April (3 maande)

Bostaande uitgawes beloop R 528000 en indien van toepassing vir 12 maande sou die surplus van die afgelope jaar verminder na R 41000.

My dank aan ons rekenmeester en ouditeure vir die werk wat hul gedoen het in die afgelope jaar.

## Die nuwe jaar

Die toename van inwoners in ons area en die hoë vlak van werkloosheid lei uiteraard tot 'n toename in misdaad wat slegs bekamp kan word as ons maatreëls in plek stel om misdaad te voorkom. Dit is dus noodsaaklik om meer kameras wat voltyds gemoniteer word (selfs tydens kragstuwing), daar te stel tesame met die sigbare patrollering en die vermoë om te reageer. Ons wil dus meer kameras oprig op strategiese plekke. Ons netwerk video opnemer (NVR) kan tans 32 kameras moniteer en opgradering na ‘n 64 NVR word beplan sodat alle kameras in die toekoms gemoniteer kan word - ons begroot hiervoor in hierdie jaar.

Die 5 jaar begroting wat goedgekeur was deur die Munisipaliteit beloop  R 1913010 vir die jaar geëndig 30 Junie 2023. Dit verteenwoordig ‘n toename van 3,3% vergeleke met die vorige jaar. Die begroting vir die periode 1 Julie 2023 tot 30 Junie 2024 is saam met die AJV dokumentasie versprei en beskikbaar op ons webwerf.

Die kapitaalbegroting vir die huidige jaar (1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023) is as volg:

| | |
|---|---|
| Opgradering van kameras | R 25700 |
| LPR battery rugsteun | R 30850 |
| Battery rugsteun vir 18 kameras | R 235278 |
| Netwerk Video Opnemer (64 kanaal NVR) | R 47208 |
| Aflossingstasie | R 25000 |
| Kantoortoerusting | R 54540 |
| TOTAAL | R 418576 |

Die nuwe kameras word gefinansier uit die skenkings van die gemeenskap (verwys Veiligheid en Sekuriteit hierbo).

## Ten slotte

My opregte dank aan die volgende:

- Die Overstrand Munisipaliteit vir samewerking en ondersteuning
- Die diensverskaffers insluitend Fidelity ADT en Whale Coast Computers vir hul dienste
- Die eienaars en inwoners van die area vir ondersteuning beide finansieël en verbaal
- Die Direkteure vir hul tyd, ondersteuning, bydraes en toewyding in die afgelope jaar
- Bernhard Teuteberg en Vic Barnard vir hulle bydraes terwyl hul Direkteure was
- Pieter Botha vir sy enorme bydrae as ge-koöpteerde Direkteur op die gebied van

veiligheid en sekuriteit
- Meredith Thornton vir die entoesiasme en toewyding waarmee sy die maatskappy bestuur

Baie dankie.

Anton du Preez

Voorsitter OVSAG NWM

13 September 2022

Would you like to update your profile?
Update your preferences or Unsubscribe

*Copyright © 2022 Onrus Vermont SRA, All rights reserved.*